

I.

BOESMANLAND SE GROOTSTE DOOD.

•Topie is lank voor sonop gebore. Toe lag oom Tobias, sy vader, en sê: „Dis 'n goeie teken; want die vroeë môrestond het mos goud in die mond.” Maar Topie het die eerste dag al baie gehuil.

Tjaalsie is dieselfde dag net kort ná sononder gebore. En sy tate, outa Grappies, het hom in 'n ou skaapvel help draai en gesê: „Maar dink vir jou, om in die donker skrou-skrou te lê aankom soos jakkals!”

Die volgende dag hoor oom Tobias eers dat op sy plaas die vorige dag ook 'n klonkie gebore is. „Mastig,” sê oom Tobias toe, „dis net 'n gawe ding: 'n skaapboertjie en 'n skaapwagttertjie op een dag en op dieselfde plaas in die wêreld gekom!” En van dié dag af praat almal van Tjaalsie as Topie se kneg, Topie se jong, Topie se Hottentot.

Toe Topie en Tjaalsie ag dae oud was, het ou ai Isbel, Tjaalsie se ma, vir hom na die „duusvolk” se huis geabba om hom aan sy baas Topie voor te stel. Maar die ontmoeting was nie aangenaam nie—ten minste nie van Topie se kant af nie. „Want Topie het,” sê oom Tobias, „hom so half vrek gehuil en Tjaalsie het hom weer so half gek gelag.”

Daarop trek oom Tobias so stadig en ingedagte aan sy bokbaardjie en vervolg: „Maar dis te

verstaan dat Topie gehuil en Tjaalsie gelag het, want kyk die baas moet mos altyd alles versorg, alles verskaf en alle bekommernisse dra—daarom moet hy maar ernstig en soms selfs suur wees; maar wat, die Hotnot, hy kan sonder enige sorg altyd alles net by die baas kom ontvang—daarom het hy kans en tyd vir lag.”

Nou kam oom Tobias nog 'n slaggie deur sy bokbaardjie en herhaal laggend: „O—o—o ja, ek kan dit tog so goed verstaan waarom Topie gehuil en Tjaalsie gelag het.”

Ou ai Isabel moes in die kookskerm pie van Topie se ma werk. In hierdie skerm pie het Topie en Tjaalsie meer as eendag langs mekaar en elkeen op sy eie skaapvel gelê. Topie kon baie steun, droewig huil, vreeslik skree. Sy liggaampie het al rooier en maerder geword. So af en toe vra sy ma verwonderd: „Maar wat makeer die keend?” Tjaalsie lê alleen op sy ruggie. Dan skiet hy armpies en beentjies in die lug, loer met die skeurtjiesoë ook hier op, en raak somarso goedsmoeds aan lag tot hy nies of hik. Dit maak hom dan so 'n bietjie knieserig maar spoedig lag hy weer. Sy liggaampie het al geler en vetter geword. Nou en dan kom ai Isabel vir hom hande klap en roep vol trots uit: „T'kaai, t'kaai, kyk so'n Hotnot!”

Dikwels kom oom Tobias in die skerm pie sy pyp met 'n kooltangetjie opsteek. Dan bekyk hy die twee wesentjies en sê altyd maar: „O—o—o ja, ek kan dit tog so goed verstaan waarom die een lag en die ander huil.”

Toe Topie die dag begin kruip, was Tjaalsie al so ver gebrei dat hy regop kon waggel. Gedurende sy kruiperiode het Tjaalsie maar net twee

letsels aan sy arm bekom. Dit was die dag toe hy ewe onnosel in die vuur gaan storm het. Maar toe Topie vir die eerste maal treetjies probeer afmeet, was daar regtig baie kneusplekke aan sy ou maer liggaampie. Hy wou, swak soos hy was, tog ook graag leer loop.

Wanneer hy sy pyp kom opsteek, sien oom Tobias die gesukkel van Topie, en die kneusplekke. Dan stryk hy so deur sy bokbaardjie en sê: „O, ek kan dit tog alte goed verstaan: Topie maak net soos die versie ons vertel:

„Die keend op eie kraggie bou,
Die keend sy eie paadjie kies;
Die keend soek stampe om te skrou;
Die keend se rok word vuil en vies.”

Topie en Tjaalsie het stadig maar seker groter en sterker geword. Hulle kon mekaar later net lelik in die aangesiggies knou en snou. Waar die enetjie vat, daar krap hy; waar die ander enetjie gryp, daar skeur hy. Maar raak hulle net van mekaar, soek hulle hartjies mekaar tot die ou traantjies so loop. En kry hulle mekaar, duur die vriendskap kort.

Toe hulle al kon praat, het oom Tobias vir Topie 'n mooi waentjie gemaak. En aldag het om hierdie waentjie net stof getrek soos hulle baklei.

Outa Grappies het lelike uitdrukkinge in sy taal gebruik, en die ander grootmense het ook nie altyd daar in die kookskerm pie mooi gepraat nie. Dit moes Topie en Tjaalsie aanhoor. Op 'n goeie dag raak hulle tweetjies weer in woorde oor die waentjie, en toe sê Topie: „Jou moevete, jy bas!”

Oom Tobias het net weer kom pyp opsteek, en hy hoor dit. En toe het oom Tobias daaroor tog

alte smaaklik gelag en gesê: „O—o—ja, dit verstaan ek ook net so goed as enige ding, want die spreekwoord sê mos: Soos de ouden zongen, piepen de jongen.”

Daarop gaan oom Tobias die kordaatstuk van Topie aan sy ma vertel. En sy moes haar sye vashou van lag, lag; en toe sê sy: „Maar hoor so 'n keend!”

Van daardie dag af het die grootmense dikwels vir Topie aangehits om vir Tjaalsie onder sy tongetjie te laat deurloop. En hoe growwer hy dit doen, hoe mooier. Dit was baie prettig.

Topie het later gevoel die mense beskou hom vir 'n baas honderd. En toe verbeel hy hom vas dat hy dit ook werklik is. Maar dit het Tjaalsie baie parmantig gemaak. En meer as eens het sy vuisie met geweld op baas Topie se neusie te lande gekom; en as hy dan die witmannetjie se bloed sien loop, word hy al woedender en wil hom nog meer op die „gevreet” speel.

Oom Tobias was die eienaar van 'n plaas en negehonderd skape—daarom hoef Topie nie skool te gaan nie. In die nabyheid was wel 'n skool, en die skoolmeester wou wel graag vir Topie hê; maar oom Tobias het te goed verstaan waarom die meester so op Topie se skoolgaan aandring. „O—o—o ja,” het hy uitgeroep, „dis om die meester bang is hy sal nie genoeg skoliere hê om sy salaris te verdien nie—en hy verdien dit tog nie, al het hy ook duisend skoliere. Verder, wat beteken geleerdheid by die trop skaap wat Topie moet erwe?”

Maar sy ma het hom darem later so 'n bietjie touwys gemaak. Dit wil sê hy kon op agtienjarige leeftyd al amper sy naam teken en so byna 'n woord van twee sillabes spelle. Dit alles het

oom Tobias ook baie goed verstaan. „Dis mos maar so die beloop van sake hier onder die boerebevolking van ou Boesmanland,” het hy net gesê.

Op hierdie leeftyd het Topie ook hot en haar na nooit begin soek, en Tjaalsie het begin skaap oppas. Die soekery na nooit was vir oom Tobias 'n teken dat Topie nou eers gou moet aangeneem word.

„O—o—o ja,” roep oom Tobias uit, „Topie moet nou net vir vier weke na die meester om haastig die katgasieboek en die Keenderbybel deur te hardloop, dan kan hy aangeneem word.”

Maar die meester was innerlik bly toe die vier weke van Topie se leerdery om was; en die arme predikant was bitterlik bedroef om weer 'n Boesmanlandertjie so op genade aan te neem.

Kort daarna moes Topie sy woord met byna 'n halfdosyn nooit breek, want hy kon maar met een trou. Maar hy kon ook doen wat hy wou—daarom gooi hy byna 'n halfdosyn oor hoop en trou met een wat in sy oog darem maar die blom was.

Nou is hy meer as baas honderd, en oom Tobias kon dit o; so goed verstaan. Hy stuit vir niks nie, en wys in al sy handeling dat hy weet dat hy iets is—iets vernaams. Mansmense van sy ouderdom, en selfs oueres ook, het hy aangespreek as: „Outoeke.” Dit was maar altyd „Goeien-dag; outoek”; „Middag, outoek,” ens.

Vir Tjaalsie het hy Blikskottel genoem. Op 'n goeie môre kuier hy vir Blikskottel in oor 'n siek skapie wat die vorige dag weggeraak het. Volgens ouergewoonte slaan Tjaalsie ook eindelik terug. Toe was die gort gaar; en gou het daar bloed van albei kante geloop. Oom Tobias het dit

gesien en gesê: „O—o—o ja, ek sal hulle nou moet gaan tru-maak, anders sal hulle mekaar doodmaak.”

Die aand kom die trop skaap by klompies werf-toe, en Tjaalsie was weg—waarheen, weet nugter. Outa Grappies moes maar weer die trop vat.

'n Paar dae later kry Topie 'n kwaai aanskrywing van die dorpie N. Hy moes 'n groot rekening betaal. Dit was 'n lang affêre, somar so 'n hele boel goed, soos ringe, borsspelde, sysakdoekies, pennemessies, oorkrabbetjies, haarkammetjies en lavendeltjies—alles vir nooiens.

Topie se ma roep verwonderd: „Wat het die keend aangevang?” Maar oom Tobias stryk deur sy bokbaardjie en sê lag-lag: „Ek verstaan dit goed, o—o—o ja; ek was mos ook jonk.”

Topie ry dan dorp-toe. Hy kom by die winkel waarvandaanaf die rekening gekom het. Hy moet 'n bietjie uitspan. Net toe hy wil afklim—my mastig, hier kom Tjaalsie uit die winkel in 'n splinternuwe pak en 'n splinternuwe smalrandhoedjie op die klapperdop!

„Ou maai, dies joe, Topie!” roep Tjaalsie uit.

„Maar, jou Blikskottel, wat sê jy daar, en wat maak jy hier?” vra Topie kwaai, en sy bloed kook somar. Maar Tjaalsie lag hom skoon uit, klim die trappe van die winkelsolder op en spot terug: „Gê, duusmantjie, gê, gê!”

Die smous het die ontmoeting uit die winkel deur gestaan en bekyk. Hy kom nou vir Topie darem help uitspan. Hy is 'n baie slim smous. Gou het hy vir Topie oortuig dat Tjaalsie nou sy wettig-gehuurde winkeljong is en dat hy die man volgens wet sal vervolg wat dit durf waag om vir Tjaalsie uit sy diens te rokkel.

Topie het van die wet glad niks afgeweeet nie, maar was daarvoor banger as vir sy dood. Hy moes dus maar eenvoudig sy rekening betaal en sonder Tjaalsie terugkeer. Ja, hy kon die verbrande Blikskottel nie eens—vir 'n troos—'n afgedankste pak slae gee nie. Nog nooit het hy in sy lewe soveel moes verkrop nie. Hy betaal dan maar en maak aanstalte om weg te kom. Maar toe praat die smous 'n taal dat geen mens se hart dit kon hou nie: Miester Topie moet 'n beter kar, sterker tuie, mooier huismeubels en eersteklas boergereedskap hê. Miester Topie kan mos en Miester Topie hoef moes ok nie te betaal nie . . .”

Toe „Miester Topie” eindelijk wegry, was hy die besitter van baie blinkgoed, 'n baas honderd en—'n hulpelose skuldenaar in die kloue van 'n gewetenlose skuldeiser.

Dit was darem nie eintlik iets besonders nie. Immers, sy jong vroujie was in die derde hemel oor al die mooi goed. Wel het sy ma darem weer gevra: „Maar wat makeer die keend?” Maar almal weet tog dat sy met die ou vragie geen kwaad, nie eens iets ernstigs, bedoel nie. Buitendien het oom Tobias met sekerheid verklaar dat hy Topie se handelwyse baie goed verstaan, daar 'n smous gewoonlik die heel Boesmanland gemaklik omhaal om na sy pype te dans. „Topie moet nou net,” het oom Tobias ten slotte gesê, „die trop skaap smôrens getrou tel, en outa Grappies moet hulle nog getrouer oppas; want dis hulle wat ons laat eet en dis deur hulle dat ons al die seëls waaroor ,voldaan met dank' geskrywe word, op al ons rekenings geplak kry.”

Maar outa Grappies was nou nie meer so 'n doodgetroue skaapwagter as vroeër nie. Vandat

hy gehoor het dat sy seun Tjaalsie „jou wragtie” ’n dorpenaar geword het, wou hy verbrands ook so ’n vername persoon wees. Ook ai Isbel sou glad nie omgee om op ’n dorp te gaan woon nie.

„Jy mot weet, Grappies,” sê sy, „die daing dorp, hy’s bietjie lekker.”

„Ja, sê tog bietjie,” stem outa Grappies in, en vervolg: „En daar’s goeie peliesmanne, goeie Engelsman—trewwelaars, goeie maastersmouse en ander goeie maasterminse wat somar vir jou baie betaal vir klein werkie.”

„Net, eijo, praat so!” roep ai Isbel toestemmend agterna.

Die uitslag van hierdie wedersydse ooreenstemmery was dat outa Grappies een aand in afwesigheid van ai Isbel sy keel goed skoon gemaak en toe half huiwerig gesê het: „Baas Tobies-goed, ou Isbel dwing mos nou oens mot ok dorp-toe lê trek.”

En van hierdie aand af was daar niks met die twee skepsels uit te voer nie. Dit was ’n hele stryery: Isbel sê ou Grappies dwing, en Grappies sê ou Isbel dwing. En hoe meer hulle voorgee dat die een die ander dwing, hoe norser en stuurser word hulle teenoor oom Tobias en sy gesin.

„O—o—o ja, ek verstaan,” sê oom Tobias later; „julle stry teen mekaar om julle teen ons vies en teë te maak; dis die Hotnotsmanier van beleefdheid . . . goed, trek dan maar.”

Oom Tobias het eindelijk ingesien dat daar tog niks aan te doen was nie; die ou skepsels was nie te keer nie. Hy het dus vantevore al ’n ander skaapwagttertjie bespreek, en toe daarop sy toestemming gegee dat Grappies en Isbel ook

dorpenaars kan gaan word. Maar net van dié dag af loop sake al meer verkeerd. Die sogenaamde nuwe skaapwagtertjie was wel beter as niks nie, maar tog minder as iets wat darem na hulp ruik. Agter jou rug was hy nie 'n oomblik te vertrou nie. Skaap kon hy verloor of wegsmyt soos klippe.

„Dit lyk vir my,” sê Topie, „hy verstaan van vee oppas minder as 'n aap van viool speel; maar wag, ek sal hom gou met vuis en sambok regsit.”

„O—o—o ja,” sê oom Tobias, „ek verstaan: dan maak jy van hom ook net 'n dorpenaar en ontroof ons weer van 'n skaapwagter.”

„'n Skaapwagter—hy 'n skaapwagter?” roep Topie met veragting uit.

„O—o—o ja,” antwoord oom Tobias, „van dié soort wat jy met skaap en al moet oppas.”

En so was dit ook. Vader en sun moes die nuwe wagtertjie met skaap en al beurtelings oppas. Oom Tobias het self gekies om vir die eerste maand aldag die veld in te gaan en persoonlik die wagtertjie aan die gang te help. Toe was daar tog die maand vrede. Maar reeds die eerste dag waarop Topie se beurt begin het, probeer hy die wagtertjie met sulke geweldige vuisslae regsit, dat die tatetjie met 'n bebloede plat neus en 'n blougestampde gelaat verwild die spat dorp-toe neem om veiligheid te soek.

By die verneem van hierdie treurige gebeurtenis, roep Topie se ma dié keer darem regtig ernstig uit: „Tobias, maar wa-at makeer ons keend?”

„Niks nie, behalwe 'n bietjie meer geduld,” antwoord oom Tobias. En onderwyl hy so effentjies sit en dink, trek hy langsaam aan sy bokbaardjie. Toe vervolg hy: „Dat Topie dié

niksnuts op sy herrie gespeel het, kan ek tog te goed verstaan, want hy's darem so moedswillig sleg en kan jou so moedswillig versondig dat my hande menige dag self gejeuk het om hom die keelstrot in te druk en so vierkantig in 'n erdvarkgat te prop. Tog het ek hom goed behandel en goed betaal. Maar ek het geweet dit sal ook nie help nie, want teenswoordig se swartmense wil mos in die botter rol; en kry hulle op die boerplase nie sulke gladde rolplekke nie, soek hulle rede om dit op die dorpe te gaan soek. En van die dorpe af kry jy hulle nooit weer nie; want al is daar nie botter nie, daar is tog 'n drankruik."

Nou moes oom Tobias en Topie maar ruil-ruil self skaap oppas sonder ander hulp. Topie kon van ergernis daelank nie praat nie.

Intussen het die wagtertjie op die dorpie N. vir Tjaalsie ontmoet en al sy wonde gewys en sy griewe teen Topie blootgelê. Tjaalsie sien toe dat die kneusplekkies op die wagtertjie se gesig gou sal verdwyn, en daarom neem hy hom haastig na sy „maaster" om raad te vra. En die smous het goeie raad gehad: Die wagtertjie moet net na die poliesiekantoor. Tjaalsie kan saamgaan. Daar moet hy mooi haarfyn vertel en wys hoe hy mishandel is; dan is die hele wêreld reg. Dit was tog te goed. En Tjaalsie was glad verruk van blydschap.

Topie bly inteendeel nog altyd doodvererg. Jy kan sê hy swyg die tyd swaar om daar in die veld waar hy heeldag onder 'n skroeiende son agter die trop aan moet rondsletter. Op 'n goeie aand kom hy weer moeg en vies tuis. Toe sit in oom Tobias se tent 'n poliesieman, wat hom net by die groet 'n dagvaarding oorhandig. Hy kon daar glad niks van verstaan nie. Die poliesieman maak toe

duidelik dat hy binne ag dae op die dorpie N. moet kom verskyn in 'n saak tussen hom en seker Jonnie Maaikel.

„Ek sal maar sê,” maak oom Tobias nou verder duidelik, „die niksnutsige ou wagttertjie, Jan Makeer, is nou skielik in Jonnie Maaikel verander, en die ou handgemene grappie wat jy met hom gehad het, in 'n slaansaak.”

Dit was genoeg vir Topie. Sonder te weet wat hy doen, staan hy op en gaan in sy tent langsaam op sy rug lê, wakker lê tot die volgende môre.

Oom Tobias het die hele toestand baie goed verstaan. En juis daarom het hy nie geweet wat nou die beste sal wees om te doen nie. Hy voel hy moet met Topie saamgaan dorp-toe, anders raak die ding al meer verbrou. Maar hy kon hom tog nie in twee verdeel en een stuk by die trop skaap agterlaat nie; en die trop alleen laat—dit kon glad nie. Dit was net 'n groot moeilikheid, en oom Tobias kon nie help om die anderdagmôre so 'n bietjie teen die poliesieman te klae nie.

„Dit gaan jou nie aan nie,” sê oom Tobias, terwyl hy die poliesieman help opsaal, „maar by die mond moet mos alles uit wat die hart glad nie kan hou nie. Ek sê vir jou ons is nou tog net in 'n radelose affêring.” En daarop skilder hy die toestand so reël en pateties dat die poliesieman gevoelig uitroep :

„Maar verd . . . p, Oubaas, waarom jy nie beter vra vir die smous om vir Topie op die dorp te help wat reg nie? Hy is 'n biesniesman en help al die boere; hy kan bring vir Toupie baai die wetsagent; hy kan laat kyk agter Toupie se karpere; hy kan hy kan help, en sou vort.”

B

Oom Tobias het goed geweet wie die poliesieman met die „smous” bedoel. „Smous” was orals bekend en almal het hom „Smous” genoem.

„Dis eienste hy,” dink oom Tobias, „wat Topie laas die groot skuld by gemaak het.” Daarom wou oom Tobias ook nie eers die raad aanneem nie. Gou dus eers nog planne maak. Nee, daar is geen ander uitweg nie. Nou ja, dan moet die poliesieman in vredesnaam tog asseblief net so ’n bietjie wag dat oom Tobias vooruit met hom al ’n smeekbriefie vir die smous kon stuur.

Die bietjie wag was lank wag: oom Tobias kon nie sien om te skrywe nie; sy vrou het te veel gebewe; Topie sukkel te vreeslik, en sy jong vroukje, vir wie oom Tobias nou dikteer, gaan maar baie stadigaan met pen en ink. Daar is ook soveel dingetjies by skrywery. Dan skep die ou verroeste pen glad te veel, dan weer glad te min ink. Dan is die een letter se stert te onduidelik, ’n ander se kop te kort, en nog een se magie is te dun; dan kom ’n huisvlieg op die nat letters voeter en smeer alle ringetjies, ruimtetjies, kringetjies en krulletjies toe; dan is daar veseltjies; dan is daar kladjies.

Eindelik kon die poliesieman darem tog die smeekbriefie in sy sak steek en vertrek. Sonder ’n goeie begryper te wees, kon ’n mens aan byna elke halwe woord van die briefie sien dat dit nie letterlik oom Tobias se eie is nie, maar wel dié van ’n baie angstige vrouehartjie wat baie dringend soebaat. Smous, soos ons hom nou ook maar sal noem, was so in sy skik oor die brief dat hy lank net vol glimlaggies was. Dit het tog ook so in sy kraam te pas gekom.

Toe Topie dan ook op die vasgestelde en gevreesde dag op die dorpie verslae en terneer-

gedruk aankom, het Smous hom so op sy hande wou dra. Topie hoef nie aan een string te vat om uit te span nie : dit kan Smous se volk doen. Topie moet maar gou die winkel in ; Smous wil hom tog alte graag privaat raad gee. Hulle verlaat dan die kar.

Toe kom Tjaalsie en Jonnie Maaikel lag-lag en luilekker die tuie afruk van die afgematte en dorstige perde wat hulle elkeen eers 'n skop onder die pens gee en toe sonder water aan 'n krip gaan knoop waarin so 'n bietjie ou muwwe kaf was. Daarop kry elke gedweë dier nog 'n afskeidskop, en toe vertrek hulle in uitbundige gelag na 'n sinkhuisie, agter die winkel, waar Jonnie Maaikel Tjaalsie se sporting-jikkert wat hy vir die hofsitting geleen het, moet gaan aantrek.

Smous was baie jammer vir Topie. Die hele dorp, sê hy, kan sweer dat Jonnie Maaikel liederlik toegetakel was toe hy daar gekom het. Die wetsagent wil niks met die saak te doen hê nie—daarom het hy, Smous, self groot onkoste gemaak om kastig uit te vind wat die beste vir Miester Topie sal wees. En Miester Topie moet weet soiets kos „gild,” baie „gild.” Maar Smous sal eers alles regmaak. Die sersjant en die „mytjies-treit” is maar baie kwaai. Topie moet tog maar alles erken en om genade smEEK. Dan sal alles weer regkom : daarvoor sal Smous self sorg.

Liederlik was Jan Makeer, alias Jonnie Maaikel, waarlik nie toegetakel gewees nie. Wel het sy plat neus 'n bietjie gebloei, en het hy 'n paar blou kneusplekkies gehad ; maar hy het eintlik self sy gesig met bloed besmeer en dit so laat droog word. En dit het Smous alles goed opgemerk. Tog skilder hy die saak vir Topie so afskuwelik voor

dat hierdie arme „keend van sy ma” later sonder moed of hart aan Smous se arm hof-toe strompel.

In die bank vir beskuldigdes te lande geraak, antwoord Topie dan ook: „Ja, ja,” op alles wat hom gevra word. Dit het die saak grootliks verkort, maar die magistraat het dit vir geksheerdery en pure ongeërgdheid beskou. Hy word dus skerp aangekyk, kwaai berispe en so hoog as kan, beboet. Maar die berisping het hom so verbouereer en Jan Makeer se ou vrolike ogies hom tegelykertyd so versondig dat hy van die boete of tronkstraf niks verstaan het. Dit was egter niks nie. Die smeekbriefie het mos sy pad oopgemaak. Hy en oom Tobias het tog nie nou geld nie. Smous moes dus vereers alles betaal. En dit het hy tog te graag gedoen. En Smous laat hom verstaan dat hy hom van die tronk gered het, al het dit o, so baie „gild” gekos.

Weer by die winkel gekom, staan Smous hom nou nog meer met raad en daad by. Hy en sy pa moet mos skaap oppas; hulle kan nie die nodige goed gaan koop nie, en so moet Miester Topie maar ’n sak koffie, ’n sak rys, suiker, perskes en ander onmisbare dinge nou somar saamneem. Toepie het darem eers teëgestribbel, maar wat, „Smous se keend” was hom oor.

Nog dieselfde nag kom Topie met ’n groot karvrag winkelgoed langs sy tentjie uitspan. Die arme perde was nou baie dors, honger en doodmoeg. Tog staan in Smous se boek die som van 7s. 6d. opgeteken vir ’n emmer koring en ’n hoop kaf wat Tjaalsie en Jonnie Maaikel hulle kwansuis dié dag gegee het. En onder die 7s. 6d. staan nog ’n sjieling. Want Smous reken so: Hy moet mos elke maand vir Tjaalsie en Jonnie Maaikel, sy winkeljong en staljong, ’n seker sommetjie betaal

—dus kan hy nie dat sy twee volke elke ou Boer wat hier kom uitspan, gratis daarby help nie. Nou ja, die poliesieman het vir oom Tobias gesê die Smous kan mos „agter Toupie se perde laat kyk.” En dit het Smous dan ook laat doen—net maar vir 8s. 6d.

Topie se ma was andermaal baie ontsteld oor die karvrag goed. Maar die jong vroujie was weer tevrede; en oom Tobias het, ná goed en diep dink, ook dié keer die „hele affêre verstaan,” en alles wat Topie gekoop het, goedgekeur. Almal was ook so bly dat Topie tog maar sonder broekskeur uit die gevaar gekom het, dat niemand wou vit nie.

Maar die vooruitsigte om vir Smous te betaal, het stadigaan al slegter geword. Boesmanland het al vroeër baie bitter jare belewe. Maar van 1922 tot nou verlede Mei van hierdie jaar (1924), was Boesmanland se dood. En dis in hierdie tyd dat oom Tobias en Topie by beurte moes skaap oppas. Eers net skaap oppas, ja maar later en nog later ag, dit was 'n bitter tyd! Die reëntye het verbygevlieg sonder 'n druppel water uit die hemel. En waar dit nog altemit daar ver op 'n ou plekkie so 'n bietjie reent, daar kom die gevreesde, allesverslindende voetgangers, gevolg deur vlieënde swerms sprinkane, wat donker skaduwees oor Boesmanland gooi. Dit was Boesmanland se doodskleed. Boesmanland se skaap het maer geword. Brandsiekte het toegeneem. Kontant geld het opgeraak. Groot hoeveelhede dip moes op skuld gekoop word. Die oorbosluis het sy verskyning kom maak en het gou in 'n gevaarlike pes verander. Skaapwagters was nêrens te kry nie. Hulle was en is almal dorpenaars. Die boer en sy kindertjies moes self orals rondspring en hulle so half uitmekaarskeur in die treurige boer-

dery, wat aldag agteruitgaan. Pas in die wêreld gekome skaaplammertjies moes voor die voet by duisende keel afgesny word om die stomme goedjies van die hongerdood te red.

Die wêreld het vir Topie gou gebrei, en hy en sy pa het in 'n jaar tyd die wêreld tussen Calvinia, Kenhardt en Springbok rond en bont deurworstel om water en weiveld vir 'n troppie skaap wat aldag minder en minder word, te soek. So het hulle ver gedwaal, rondgedwaal, en eindelijk in Desember 1923 weer op hulle eie plaas aangedwaal gekom met slegs 150 half van maerte vergane skapies. Dit was die oorskiet van 'n baie groot en pragtige trop.

Topie se ma en sy jong vrou tjie het natuurlik al die swerftogte meegemaak. Hulle is nou ook so half vergaan van al die harde ontberings. Hulle is darem nog tevrede. Want hulle het op die swerftogte gesien dat ander gesinne nog baie swaarder kry. Hier en daar het boere wat in die begin van 1922 nog 'n tweeduisend of meer skape gehad het, by die end van 1923 al moes donkies slag om te eet! Hulle was dus maar tevrede en hou nou moed.

Maar orals het boere in die skuld geraak, en orals vind nou insolvente verkopings plaas. En Smous, op die dorpie N., was nou net haastig om skuld in te vorder. Dit was sy kans. Baie mense het aan hom geskuld. Maar hy het gesorg dat dit net grondeienaars was wat vir hom skuld. Op dié manier kan hy nou die besitter van baie plase word. Skaars was oom Tobias en Topie dan ook terug op hulle plaas, of hulle kry 'n rekening wat genoeg was om jouself oor te vermoor.

Die twee vroue moes maar die 150 halfvergane skapies oppas, en oom Tobias en Topie moes

voetslaan dorp-toe, want die trekdiere—net nog tien donkies wat op geraamtes lyk—was te swak om weer in die tuig te kom. Smous was baie bly om vir Miester Tobias en Miester Topie te sien. Tjaalsie en Jonnie Maaikel skyn ook bly te wees, want hulle lag so lekker as hulle na die twee „duusvolk” kyk. Outa Grappies en ai Isbel, wat heeldag somar lekker teen die son in die dorplokasie lê, kom ook ewe nuuskierig vir baas „Tobies-goed” bekyk. Hulle wil ook somar met baas „Tobies-goed” op Engels gesels.

Maar Smous het vereers meer te sê: Miester Tobias en Miester Topie moet hom nou dadelik betaal of hy gaan bankrot—ja, wrintig, somar skoon bankrot. Bid en smeek help niks. Hy kan skaars ag dae uitstel gee, want hy is kwansuis self verrinneweer. Hy het tog so bitter spyt, maar wat kan hy maak?

Maar oom Tobias verstaan goed dat Smous net haastig is om ander moontlike krediteure van oom Tobias en Topie voor te spring—en op die swerftogte het hulle by seker winkeltjies taamlieke skulde moes maak. Daarom gun oom Tobias nie alles vir Smous nie. Hy sal tog nou kom plunder, en dus moet oom Tobias liewer na die wetsagent om aansoek te doen om wetlik boedel oor te gee. Dan kry Smous darem nie heeltamal sy sin nie. Maar natuurlik laat oom Tobias niks van sy planne vir Smous agterkom nie. Hy groet dus ewe mismoe-dig, bid nogmaals om 'n bietjie langer uitstel en maak of hy en Topie nou maar reguit huis-toe gaan. Maar toe maak hulle stilletjies 'n groot draai by die wetsagent om.

Dié wetsagent was 'n veelsydige persoon. Hy kon, hoe snaaks ook al, vir jou en jou teëparty tegelyk te woord staan en by jou en jou teëparty

tegelyk so 'n ietsie verdien. In debatsvergaderings kon hy ernstig en luimig wees en mooi praat en interessante sake duidelik maak en kosbare lesse gee tot nut van oud en jonk. In bidstonde kon hy roerend smeek en pleit, en in 'n ou klein kamertjie langs die dorpskantien kon hy hom saans dood-drink en dwarsdeur die nag vloek en swets. In teenwoordigheid van dames was hy beleef, knap, hoflik, 'n pure gentleman; maar wanneer seker persone uit die dorpslokasie sy wasgoed kom haal of bring, was hy stuitig, vuil, walglik. Hy kon hom in 'n engel vertoon, maar in nog iets anders ook. Hy was dus veelsydig.

Vir hom het oom Tobias nou sy moeilikhede kom blootlê en gevra om by die Hooggeregshof aansoek te doen om oorgawe van boedel. A ja, die wetsagent het sy hande lekker saamgevrywe en gesê dat hy die ding gou en maklik sal deurdruk. Oom Tobias moes net die beste planne maak en vir hom binne ag dae £10 10s. stuur om al die nodige vorms, seëls, ens., ens., te betaal en die saak deur te drywe. Dan sou hy darem vir Smous die les leer om arm uitgeboerde boere so hard op te druk. Ja, nee, *nou*, sal hy darem vir Smous wys, dié ellendeling!

Oom Tobias was tevrede. Hulle afskeidsgroet was hartlik. Getroos vat vader en seun nou die vervelige pad te voet weer aan huis-toe.

Maar nog dieselfde nag dat hulle uitgeput tuis-kom, sit die wetsagent en Smous nog altyd lekker en gesels. Hulle werk al jarelank broederlik saam. Die een se hand was die ander s'n. Maar dit het hulle so in mekaar se mag gebring dat hulle nou mekaar vir lewenslank in die breekwater kan besorg. Daarvoor is hulle egter te verstandig

—daarom het hulle nou maar mekaar baie lief en bewaak mekaar.

Smous kon maar vir meneer die wetsagent so af en toe met drank betaal—net ses bottel. Dan sal meneer die wetsagent sorg dat van oom Tobias se „boedeloorgeëry” niks kom nie. Natuurlik, daar is nog meer te verdien in die saak, en Smous moet, nee *mag* hom nie vergeet nie. Hy en Smous moet alleen die boertjies uittrek: ander krediteure is nie nodig nie.

Oom Tobias en sy ou vrou was darem ook verstandige mense. Hulle het altyd op hand en tand gebyt en nooit van die geldjies wat hulle onder in die ou groen wakies vir oudag, reentdag of sterfdag gebêre het, gebruik nie. Maar van die begin van 1922 af moes hulle tog noodgedwonge nou en dan, en later selfs dikwels, van die geldjies vat. Daar moet darem nog iets in die ou kis wees. Oom Tobias moet dit nou nagaan, want hy moet mos £10 10s. aan die lieve wetsagent stuur. Hy skud die ou rooi bassakkie versigtig op hulle ou trekkerstafeltjie uit en begin sekuur te tel. Ja—a—a, daar was nog net £10 11s. 5d.

Oom Tobias en sy vrou het swaar van die £10 10s. geskei. Dit was nou hulle enigste oilam wat hulle moes afgee. „Net een sjieling en vyf oulap nou, Tobias!” sê sy vrou bedruk. „Ja—a, vrou, ja—a—a, ek verstaan ons posiesie tog alte goed,” antwoord oom Tobias.

Topie moes nou weer skelm-skelm die dorpie N. ingaan na die wetsagent om hom die geld te oorhandig; want Smous mag mos eers niks weet nie. As Smous hoor, moet hulle alreeds volgens wet insolvent wees. Dan kan hy mos nie alleen baasspeel oor hulle aardse besittings nie. Die wetsagent het weer baie vroom stories gehad, en

met Topie net 'n lekker boodskap vir oom Tobias gestuur.

Hierdie boodskap het darem 'n hele ruk vir oom Tobias laat hoop. Maar toe Smous se aanskrywings weer begin te reent, het hy langsamerhand lont geruik. Eindelik kom daar ook 'n kennisgewing dat die hof aan Smous die mag verleen het om . . . wat eintlik te doen, dit kon oom Tobias glad nie verstaan nie. Hy spring dus in die wapad, weer wetsagent-toe. Maar die man is dié keer so terneergedruk en mismoedig dat oom Tobias met hom niks kon uitvoer nie. Hy vaar uit teen die hoofbalju van die Hooggereshof en hy gaan te kere teen ander siviele amptenare van wie oom Tobias nog nooit in sy lewe gehoor het nie. Hy is ook vreeslik boos. „Oom moet gaan sê,” sê hy, „hulle het nou jou wragtie oom se tien ghienies daar in die Kaap opgemors aan dokumente, insolvente skedules (en hier noem hy nog 'n klomp goed wat oom Tobias weer niks van verstaan nie), en nou smyt hulle die saak uit om daar net 'n paar pond kort kom en om die bate en laste en skades stryk en nie stryk nie.” En hoe meer oom Tobias uitvra, hoe meer oortuig hy die oubaas van al dié ongeregtighede daar in die gruwelike Kaap.

Eindelik het oom Tobias die ganse Kaap verwens en erg verbitterd huis-toe gesukkel.

Net 'n paar dae later kom die poliesieman met Tjaalsie en Jonnie Maaikel op die plaas. Hy is gelas om Topie se wa en tien donkies met tuie en al te vat. Dit moet op die dorpie verkoop word om vereers die rente van Topie se skuld by Smous te betaal.

Topie was in die veld by die skapies, waarvan nog aldag bly lê van maerte. Die vroue het maar

gou die tentdeure toegeknoop en op hulle ou trekkerskatels gaan lê en ween. Oom Tobias het goed verstaan dat geen weerstand of soebat hier sal baat nie. So het hy maar stilswyend, maar bewend, self Topie se wa leeg gedra en toe aan die genade van die poliesieman oorgelaat. Gou word die donkies daarop voor die wa geruk. Toe gaan Tjaalsie en Jonnie Maaikel weerskante met dik sambokke staan en trek onder 'n helse lawaai weg. O, hulle twee het tog pret gehad!

Maar Topie het van niks geweet nie. Die aand het hy eers sy waspoor kom sien. Maar hy gebruik nie meer growwe uitdrukkings soos eers nie. Die wêreld het hom gebrei. Met 'n bleek gesig stap hy so 'n paar maal heen en weer op sy waspoor, en toe gaan hy sonder 'n woord langs sy vroutjie, wat nou al op 'n ou vroutjie lyk, lê om te dink.

Oom Tobias se vrou was die volgende môre baie siek. Sy was nog nooit so doodsbleek en swak nie. Op 'n vraag van oom Tobias, sê sy: „Ek voel tog so siek van hierdie ou wêreld waar ons aldag moet worstel om nie honger te ly nie; waar die een bekommernis plaas maak vir 'n ander; waar . . .”

„Waar die Heer ons darem aldag ook barmhartigheid betoon, vrou,” val oom Tobias haar in die rede.

„Ja, en waar ons,” sê sy terug, „ook elke nuwe dag moed skep en ons trane afdroë om elke nag oor nuwe smarte ander trane te stort.”

Oom Tobias wil haar nog op die wêreld hou. Hy praat haar dus moed in; dit sal alles gou weer beter gaan. Maar sy word al swakker. Daar was ook nie behoorlik voedsel nie. Meel was glad op, en die stukkie vleis was oneetbaar maer en kragte-

loos. Al medisynetjies was so'n bietjie jamaikagemmer, maar dié wou ook nie help nie. En van 'n dokter wou sy hoegenaamd nie hoor nie. Haar laaste woordjies was: „Jesus is my Dokter.” Daarop het sy die ou maer hande saamgevou, teen die tentnok opgekyk en is toe so saggies ontslape. Vir die eerste maal in hulle lewe staan Topië en sy vroutjie nou in die teenwoordigheid van die *Dood*. En dit was darem 'n *Moeder* wat sterwe.

Oom Tobias moes die slaphangende ken vashou. Maar die halfverstyfde oë staar toe ook nog op daar na 'n ander wêreld toe. Hy moes die ooglede ook vashou. Hy was altyd sterk. Hy is 'n geharde man. Maar verhard is hy nie. Sy trane rol vry. Hy prewel sag: „O—o—o, ek verstaan dit tog so goed! Eers hierdie bitter, bitter skeiding, dan die gemis, en dan hoe langer hoe erger die brandende verlangste . . . ai!”

Die doodkis was tog so eenvoudig. Die ou negosiekasplankies was tog so ru en vol kwaste. Maar daar was ook in hierdie geval geen ander uitweg nie; want Boesmanland ly swaar. Dis reeds Maart 1924, en nog is nêrens uitkoms nie. Geld is op. Produkte om geld te maak, is op. Die dag vir krediet is verby. En Boesmanland moet maar sy dode begrawe soos hy kan.

Die doodkis van oom Tobias se dierbare eggenote was dan ru, eenvoudig en nie swart genoeg nie. Sy het net nog gelewe om te sien dat die laaste geldjies wat sy saam vir die sterfdag suur help verdien het, na die kloue van 'n gewetenlose wese oorgedra word. Toe is sy nakend daarheen. En sy is dood in die volle bewussyn dat sy haar man en haar enigste kind en sy tingerige vroutjie ook nakend op die ou wêreld agterlaat.

Maar nou moes oom Tobias en sy twee kinders maar van die graf af omdraai en die harde stryd om te lewe hervat. Dit was bitter. Immers, meer as een Boesmanlander wat toe net aan die swakke en uitgeputte middele waarmee hierdie stryd moes aanvaar word, begin te dink, het gou angstig die kop geskud. Daarom was vertwyfeling op meer as een gelaat te lees.

Dit was ook die toestand van oom Tobias en sy kinders. En hulle slegte voorgevoel het gou bittere werklikheid geword. Want net 'n paar dae ná die treurige begrafnis, verneem oom Tobias dat Smous sy plaas en sy wa sal laat verkoop. En dit het Smous ook gedoen, al moes hy en die wetsagent so 'n bietjie rondspring om sake goed reg te kry. Reggekry het hulle dit, en spoedig was die onvergeetlike dag daar waarop oom Tobias se wa en plaas op die dorpie N. onder die hamer kom.

Maar die tyd en vooruitsigte was so sleg dat niemand wou bieë nie. En so moes Smous kastig dood teen sy sin die „ou plasetjie en die ou bogwaentjie,” soos hy dit noem, self koop. Dieselfde aand was Smous en die wetsagent egter baie opgeruimd in hulle privaat kantoortjie. Die een tel die winste van die ander. Die agent verwyt dit vir Smous dat hy uit oom Tobias en Topie tienvoudig meer gehaal het as die waarde van die ou winkelgoedjies wat hy aan hulle afgesmeer het. Maar Smous kan die agent ook verwyt. Dán hou die een hom kwaad, dán die ander. Dis darem somar spelery. Hulle kan te lekker saamwerk om regtig vir mekaar kwaad te word. Want kyk, uit die nood van die sogenaamde ongeletterde boere kan hulle mos nou in hierdie kritieke tyd alte lekker harde munt slaan. Soos aasvoëls in tyd

geilsiekte of ander siektes die Boesmanlandse vlaktes deurloer, só loer hulle twee nou die toestand van die boere deur. En aasvoëls loer nooit tevergeefs nie—daarvoor is hulle blik te skerp. Dag ná dag word somar prooi na prooi ontdek en verslind. Hulle twee het ook so 'n aasvoëlsblik en aasvoëlsaard.

Oom Tobias wou net vir Smous gaan bid en smEEK om hom en sy kinders tog maar langer op die plaas te laat bly; maar toe kom outa Grappies en ai Isbel daar aan met die storie dat „maaster Smous” vir hulle as plaaswagters gehuur het. En haastig begin die twee ou skepsels ook somar 'n ou vies pondok op 'n paar tree en reg voor oom Tobias se tentdeur op te trek. En net daarop volg Tjaalsie en Jonnie Maaikel te perd en in wit broeke en donkergrys sportbaadjies uitgedos. Hulle moet kort-kort die „maaster” se plaas kom omry om oortreders te vang en vreemde diere in die skut te besorg. Hulle afsaalplek is natuurlik by die ou vies pondok. En dan word daar tot walgens toe gelag, gespot, geswets en op die mondfluitjies geraas.

Toe begin oom Tobias sy vingers deur die bokbaardjie te trek onderwyl sy oë op die affère staar en sy ore al tuit van die gedoente. Eindelik skud hy sy kop mismoedig, en roep toe sy skoon-dogtertjie.

„O—o—o, my kind,” sê hy, „jy moet tog maar weer vir ons 'n smeekbriefie skrywe; ek sal alles voorsê.”

Hierdie ou gerimpelde, tingerige vroutjie was baie gewillig, en oom Tobias baie geduldig. Hy sê 'n woordjie, sy pak dit moedig aan; hy wag gedwee tot sy eindelijk vol verwagting opkyk, dan volg weer 'n beleefde woordjie, en dan buk sy

weer vlytig vooroor. Sy is swak al. Sy is ook so maer. Die ou pen druk 'n diep holte op haar middelvingertjie. Maar dis darem niks nie. Sy en haar skoonvader kyk mekaar in die oë, en hulle lag om moed te hou.

„Ja—a—a, wat, my kind!” moedig oom Tobias haar aan. „Geduld en lydsaamheid oorwen die saak van onmoontlikheid.”

Sy trek die ou lam vinger 'n bietjie reg en sê laggend: „Ja—a—a, wat Pape?”

Altwee skep eindelijk lank en lekker asem. Die briefie was kant en klaar. Gou nou nog net die adres op die koever. En sy moet darem nou maar „haastig sukkel,” want die ou stukkie maer vleisie sal mos glad verbrand daar in die ou kookskerpmpie.

Maar toe sy later tog na die ou skerpmpie kon draf, was die ou vleisie darem gelukkig nog nie aangebrand nie, want daar was nog so 'n ou dun, waterige soppie in die potjie, waarin nie 'n ogie van 'n vetjie of sousie sigbaar was nie.

Toe oom Tobias en sy dogter die middag aan die ou stukkie maer en taai vleisie sit en rem, gesels hulle weer oor die smeekbriefie. Oom Tobias sê hy hoop en vertrou dat die briefie nou 'n middel sal wees om hulle uit die ellende te verlos. Hulle sal wel nog wekelank moet wag, want die ou swaer aan wie die briefie gerig was, woon baie ver; maar hy sal hulle seker kom haal. „Want dit moet jy weet, my kind,” sê oom Tobias, „daardie ou swaer van my is darem nog van die soort mense wat ook 'n menslike hart het.”

Toe Topie die aand met die ou skapies uit die veld kom, was hy tog te bly om van die briefie aan die ou swaer te hoor, want die Hottentotspondok

en die nuwe plaaswagters en grensbewakers was hom ook 'n bitter knop in die keel. Hy kon dit al nie meer langer uitstaan nie. En vermoed soos hy was, stel hy voor om self gou weg te spring om die briefie op die dorpie N. dieselfde nag te gaan pos. Hy en sy vader kon nie sy vroutjie oordags sielalleen op die werf laat bly en dus saam van die rumoerige pondok af wegvlug nie. Maar daar dit hom oordags op die ou werf, waar hy grootgeword het, nou te onuithoudbaar was, het hy oom Tobias gebid en gesmeek om hom tog maar van nou af alleen die ou skapies te laat oppas. Dit was hom 'n troos, 'n vreugde. Daarom is hy nou ook bereid om sy ganse nagrus op te offer om die briefie te gaan pos, sodat hy die volgende môre weer die ou werf met sy skapies kon verlaat, die wye, wye veld in. Hy was dan ook baie dringend in sy voorstel, en oom Tobias en die vroutjie kon hom skaars so ver teêhou om ten minste eers 'n bietjie bitter koffie te drink en sy honger aan 'n stukkie vleis te stil.

Dwarsdeur die nag was daar 'n luidrugtigheid by die pondok, want Tjaalsie en Jonnie Maaike het daar oorgebly om hulle des te lekkerder te vermaak. Hulle doen sulke wonderlike dingetjies dat ou Grappies en ou Isbel lag dat die trane so loop. Tjaalsie het op die dorpie N. van suikerstroop leer bier maak, en Jonnie Maaike het van wit suiker leer bier maak—hulle hoef dus nie meer heuning te hê nie; en hulle twee het vir hierdie artiekels gesorg. Die bierkanne staan dan ook al en kook. Dit was vir ou Grappies en ou Isbel tog te mooi. O, hulle kon die „galeerdheid en handagheid van die twee jong dorpsnaars” nie genoeg bewonder nie. En die twee „jong dorp-

naars" hou hulle toe ook nog knaphandiger en snaakser as wat hulle eintlik is. Hulle askoekslanery, hulle spraak, hulle gebare, hulle bontperdkadriële, hulle sit en opstaan—alles is anders en baie wonderliker as wat ou Grappies en ou Isbel onder die ou volk op die buiteplase gewoon was. Ou Grappies kon ook wel grappies maak—vandaar sy naam; maar net só—nee, sulke snaakse grappies ken hy nie.

By die pondok was dus dwarsdeur die nag 'n woeste lawaai. Maar Topie draf in die wapad na die briewebus en weet en hoor daarvan glad niks nie. En toe hy teen skemerdag die volgende môre tuiskom, was by die pondok niks te hoor nie, behalwe 'n deurmekaar gesnork van besope skepsels. Nou was daar vir hom dus 'n goeie kans om sy bitter koffie te drink, 'n klein uurtjie te rus, en dan weer met sy skapies die vrye veld met sy reine atmosfeer in te vlug, waar net onskuldige ertmannetjies speel en nog onskuldiger klaas-skaapwagttertjies, tingtinkies en kokkewiete vrolik fluit en te kere gaan.

Op hierdie manier verstryk daar toe 'n heel paar weke van sielsverlange na tyding van die ou swaer en van bitter uithou teen die verpestende lug wat gedurig uit die ou vies pondok waai. Toe kom Tjaalsie en Jonnie Maaikel oom Tobias 'n brief van Smous oorhandig. Bewende hande skeur die brief oop, en oom Tobias lees.

„O—o—o ja," sê hy aan sy skoondogtertjie, „ek verstaan die brief baie goed. Smous vra ewe beleef of ek dan tog nie vir hom 'n nuwe skutkraal kan kom bou nie. Hy weet goed dat ek nie mag weier nie, of hy ja ons te voet van die plaas af weg. En neem ek sy werk aan, hoef hy mos nie

te betaal nie; want ons kan *hom* mos nie betaal vir die verblyf op sy plaas nie."

„Ai, as Pape se ou swaer tog nou net kan kom? sê die vroutjie mismoedig.

„Ja—a—a, my kind," antwoord oom Tobias; „maar dit kan nog lank duur voor ons van *hom* hoor; en die brief maak dit goed duidelik dat ek nie langer as môre met my antwoord mag uitstel nie."

Verder kon oom Tobias en sy dogtertjie nie praat nie. Oom Tobias voel dat hy noodsaaklik moet dorp-toe. Maar hoe daar gekom? In die laaste tyd het hy baie rustelose nagte in die ou kookskerm pie deurgebring, en daar 'n strawwe koue in sy rug gekry, sodat hewige pyne *hom* nou dikwels so hinder dat hy beswaarlik kon loop. Hy trek aan sy bokbaardjie en stap so vooroorgebuie moedeloos rond.

Later was dit of iets *hom* byval. Hy kyk skielik op na die ou groen koskassie waar die geel erde-inkpotjie staan. Toe kyk hy sy skoondogtertjie vraend aan. Sy lag verleë: „Weer 'n smeekbriefie, Pape?" vra sy.

„Ja—a—a, my ou kintie, hoe sal ons anders maak?" antwoord hy.

Nou ja, sy bly gewillig, en hy geduldig. Die briefie word aan Smous geskrywe, en was in die ootmoedigste taal. Dis of Smous gesoebat word dat hy tog nie vir oom Tobias moet kwalik neem dat hy te siek is om 'n skutkraal te kom bou nie; maar Smous moet tog asseblief maar sy rou beesvelle wat hy vir tuie wil laat brei, vir oom Tobias stuur. Oom Tobias belowe *hom* om sy uiterste bes te doen om die velle so sag as 'n doek te brei. Smous word ook duisendmaal bedank dat hy darem tog nog genadiglik vir oom Tobias

en sy ou kindertjies op die plaas gedoë. Oom Tobias hoop die Here sal vir Smous daarvoor seën. Nogmaals word Smous gebid om oom Tobias tog nie kwalik te neem nie, en nogmaals word Smous uit die grond van oom Tobias se ou bloedende hart bedank.

Toe was hierdie derde ou smeekbriefie ook klaar. Die aand loseer die twee „jong dorpnaars” weer by die ou vies pondok. Daarom wou Topie, toe hy uit die veld kom en alles verneem, somar weer die nag in die wapad spring, Smous-toe. Maar dit wou oom Tobias dié keer om die dood nie toelaat nie. As hy vir Smous in die nag gaan wakker maak, kan hy vererg word en van die briefie geen notiesie neem nie—en dit moes tog nie gebeur nie. Die ou skoondogtertjie help haar pape, en Topie moes van sy plan afsien. Toe vat hy 'n vurk, kam daarmee twee pluïes hare uit 'n ou skaapvelkometers en steek sy oorgate dig toe, en gaan op sy katel lê en wag vir 'n nuwe môre om weer veld-toe te vlug. Maar die geraas by die pondok was dié nag so erg dat die pluïes hom nie veel gebaat het nie; en as sy vroultjie hom nie so smekend teëgehou het nie, dan sou hy dié nag in 'n onbedwinglike drif 'n moord begaan het of homself laat vermoor het. Vroeër as ooit is hy die volgende môre met sy skapies weg.

Oom Tobias het dit later gewaag om vir Tjaalsie te gaan roep, want toe die son al amper middag-hoogte was, snork almal nog kliphard teen mekaar by die pondok. En oom Tobias wou graag die briefie wegstuur. Tjaalsie was baie gesteurd en vies, en het dit deur woord en gebaar getoon ook. Tog het hy darem later sy „mededorpnaar” ook wakker geskud en geskree en aanstalte vir vertrek

gemaak. Toe oorhandig oom Tobias hulle die briefie met die woorde: „Kyk, dis julle maaster se brief; hier staan sy eie naam op die koeverf—so, julle moet daar goed voor sorg en dit aan hom onbeskadig afgee.”

Dit het hulle toe meer belang in die ou briefie ingeboesem, en Tjaalsie steek hom sorgvuldig diep in die grootste binnesak van sy geliefde sportbaadjie.

Smous was so half-tevrede met die inhoud van die briefie. Hy is 'n man wat alle soorte van besigheid tegelyk drywe. In sy agterplaas het hy 'n karmakery ook aan die gang. Daar werk twee smids—twee armsalige sondaars wat hy ook deur allerhande skelmery by hom diep in die skuld laat raak het—dag ná dag vir hom dat die sweet hulle aftap. Ander arm mense wat hy ook in groot skulde gedompel het, moet vir hom verniet hout aanry, transport ry, of beesvelle brei; want 'n arm tuiemaker—ook sy skuldenaar—moet vir hom van die gebreide velle alle soorte tuie maak om dit met groot wins aan sy klante af te smeer. Oom Tobias kan dan dus maar ook 'n velbreier van hom word. Daar is weer iets uit te haal.

Die wetsagent word dan weer na hulle private kantoor tjie ontbied om so 'n snapsie te gebruik en 'n brief aan oom Tobias te skrywe waarin duidelik moet laat verstaan word wat Smous van die ou boer verlang. En Smous was haastig; want oom Tobias sukkel nog met die pyne in sy rug, toe kom Tjaalsie en Jonnie Maaikel al lag-lag met Smous se brief en Smous se velle.

Daar was niks aan te doen nie: oom Tobias moet velbreier word. En nog dieselfde dag begin hy twee velle in die water te week onderwyl sy

skoondogtertjie ywerig orals ronddraf om in laagtetjies soutslaai te vergaar om fyn te stamp in hulle ou koringstampblok. Toe Topie die aand tuiskom, was die twee velle reeds so ver week dat hy sy vader en sy vroujie kon help om hulle al in die reeds fyngestampde soutslaai te pak, om na 'n paar dae haaraf gemaak te word.

Harde arbeid lenig dikwels harteleed, al is dit in sommige gevalle net vir 'n oomblik. Oom Tobias en sy kinders het met die gesukkel so ver die ou wêreld vergeet dat hulle nie eens die geraas by die pondok gehoor het nie. Geheel hulle toestand vergeet of nie gevoel nie, kon hulle natuurlik nie; want daarvoor was die velle daar om hulle steeds aan die gedagte te herinner: Ons is nou velbreiers van Smous. Hulle was darem baie spyt toe dit te donker word om verder te werk; anders kon hulle maar nog twee velle geweek en ingepak het. Topie voel mos sterk genoeg om alleen elke nag 'n vel gaar te brei. Hy sou die vel trap en stamp en skop en met 'n graaf uitrek en uitskraap dat hy niks anders sal weet of hoor nie. En, vang sy oor altemit iets van die pondok—wat? Dan stamp en skop hy die vel eenvoudig al harder, en dan word die vel ook gouer gaar.

Maar Topie was te haastig. Die velle moes eers haaraf gemaak word voordat hy hulle kon brei. Oom Tobias en sy gesin was darem al drie baie begerig om die velle met alle geweld aan te pak en net soveel van hulle as moontlik in net so 'n kort tydjie as enigsins kan, kant-en-klaar af te lewer. Dit was dan ook reeds oom Tobias se plan toe hy die briefie laat skrywe het. Daarmee het hy die goeie gesindheid van Smous teenoor hom

en sy twee kinders beoog. Hy wou op Smous se gemoed, as hy soiets besit, probeer druk. Miskien kry Smous vir hulle dan jammer en gee hulle tog iets vir hulle arbeid, al was dit dan ook 'n bietjie koffie of 'n bietjie meel.

Van daardie dag af het oom Tobias en sy kinders hulle uiterste kragte ingespan en hard gewerk. Die ou skoondogtertjie was net so besig as die mans. Dan soek sy soutslaai; dan soek sy growwe sandklippe om die vuil, vetterige vesels van gaargebreide velle te help afskraap; en dan sukkel sy aan die een of ander pootjie van 'n vel, vir haar „pape” se aandeel, wat nog altyd kortkort die rug moes vashou van pyn. Ook Topie dra byna elke môre 'n ander vel veld-toe, in ou goiinglappe, sodat dit nie te gou moet droog word nie.

Op dié manier het hulle vir hulle so half ooreis en afgeslowe om Smous se hart week te maak. Hulle wou tog te graag iets verdien. As die ou swaer, na wie se koms hulle hoe langer hoe reikhalsender uitsien, dan tog ten laaste kom, dan het hulle ten minste 'n bietjie koffie, en hoef nie somar uit die staanspoor geheelenal van hom afhanklik te wees nie. Ja, hulle reken elkeen stilletjies op 'n bietjie meel ook. En ag, dan sal die liewe brood, een van die heerlikste Godsgawes, tog weer lekker smaak. Oom Tobias het ook so graag saans Ps. 104 gelees en dan altyd so groot nadruk gelê op die woordjies in die vyftiende versie: „. . . En het brood dat het hart des mensen sterkt.”

Dan werk hulle nogeens so hard, hoewel hulle hande stukkend en vol blare was. Eindelik was al die velle klaar. Toe was daar baie groot verwagting in die twee ou tente. Smous het mos

ook al betyds kennis gekry om sy bokkar vir die velle te stuur. Hulle kon amper nie meer wag nie. Tog kom die kar darem later; en toe soebat oom Tobias vir Tjaalsie en Jonnie Maaikel om hom tog dorp-toe op te laai. En hulle het darem later, ná baie mooi woordjies, die ou „duusman” agter op die kar 'n ou sitplekkie gegee.

Die ou skoondogtertjie moes die dag alleen tuisbly. Maar toe die son na die weste begin sak, vat sy die pad aan. Sy wil haar pape tegemoet-loop en hom die „koffietjies en meeltjies” help dra. Sy stap dan verlangend die een randjie na die ander oor; en uiteindelik sien sy haar pape aankom. Maar ag, sy skrik so dat sy in die wapad lam neersak! Net een deurdringende blik was genoeg om haar te oortuig dat haar ou gryse, afgetobde vader met leë hande terugkeer en onder die grootste teleurstelling gebuk gaan.

In angs kom oom Tobias by haar en sê: „Goeienmiddag, ou kintie; gee my jou hand.”

Sy reik hom 'n bewende handjie. Hy rig haar saggies op; en toe sukkel hulle langsaam en sonder 'n woord huis-toe. Die aand, terwyl oom Tobias en sy kinders aan 'n stukkie droë vleis sit en wurg, vertel hy hulle wat gebeur het: „Smous sê hy kan ons onmoontlik nog iets uitkeer—niks, niks, glad niks!” herhaal oom Tobias; en vervolg: „En hy sê ook dat ons plaas en ons waens en donkies nie eens al die skuld kon dek nie, want hy moes die wetsagent ook 'n groot som uitkeer vir Topie se saak met die ellendige Jan Makeer; verder sê hy ons moet maar bly wees dat hy ons tog nog ou werkies wil gee om vir hom te doen as 'n ou vergoedinkie vir ons verblyf op sy plaas. Hy sal dan ook oor 'n paar dae weer 'n boel velle stuur. En so, my kinders, toe ek oortuig

was dat ek by Smous niks, *niks*, glad niks, kon kry nie, het ek daar by ander welaf mense my node gaan klae—maar ook tevergeets. En nou verstaan ek die toestand tog alte goed. Kyk dis so: Die armes moenie teenswoordig by die rykes jammerte en meegevoel probeer opwek nie; want die rykes sal hulle in sommige gevalle tog glad nie jammer kry nie, en in die ander gevalle net jammer kry om hulle te verag en as mense met aansteeklike siektes te beskou.”

Ná hierdie uitleg het niemand meer iets te sê gehad nie. En so soek hulle dan maar later stilswyend die nagrus-plekkies op, waar eintlik geen rus te vind was nie, omdat duisend verwarde gedagtes hulle deur die lange, pikdonker nag onrustig laat ronddraai.

En so gebeur dit dan dat oom Tobias en sy kinders teen byna middernag nog nugterwakker lê, en al drie die dreuning van 'n rytuig hoor aankom. Al drie spring ook op om voor die tentdeure te gaan staan en luister. Ja, dit was 'n wa wat nader, nader seil. Oom Tobias en Topie loop nou maar vorentoe, want die wa kom tog te stadig aan. Hulle kom by 'n ou oop bokwa met 'n spannetjie donkies. Die man op die wa se voorkis tuur af, en oom Tobias tuur op.

„Is dit tog nie ou swaer Tobias nie?” roep die man op die kis.

„O—o—o ja, nou verstaan ek; dis wragtie my ou swaer!” roep oom Tobias verblyd terug, en klouter ook op.

Om uit te span was die werk van 'n paar minute. Die vroutjie het al in die kookskermpie 'n vuurtjie opgemaak. Hier ontvang hulle nou die ou swaer, want in die tente is dit te donker—kerse is daar nie.

En nou begin die oor-en-weervertellery. Die ou swaer het darem die smeekbriefie ontvang, en is nou hier om hulle na sy verblyf, daar gunter op die dorp K., te vervoer. Hy is self nie ryk nie, maar daar hy nie kinders het nie, kan oom Tobias en Topie hom by sy ou werkies vir ander mense help. „Buitendien,” sê hy, „is daar altyd ander ou verdienstetjies ook, en so sal ons saam wel 'n ou lewetjie kan maak.”

Vroeg die volgende môre word die tente afgebreek en alles opgelaai. Topie het reeds met sy skapies die pad gevat en vertrek. Oom Tobias moes hom van die ou plaas en sy vrou se graf af losskeur om weg te kom. As hy maar tog net haar ou bene vér weg kon saamdra!

Grappies, Isbel, Tjaalsie en Jonnie Maaikel was dikbekkig om hulle die ou duusvolk nie langer kon tempteer nie; die wetsagent en Smous was verbitterd dat hulle uit die veragte ou boer niks meer kon haal nie.

* * * * *

'n Maand is verby. Oom Tobias en Topie spit in 'n tuin op die dorp K. Dit gaan met hulle al drie nou baie beter. Die skoondogtertjie het al selfs 'n bietjie gegroei. Daar was genoeg verdienste en genoeg voedsel en deksel.

Oom Tobias en Topie spit nou in 'n tuin. Hulle leun net eers so 'n bietjie oor hulle grawe om asem te skep en die sweet af te vee. Maar oom Tobias trek darem ook aan sy bokbaardjie en sê: „O—o—o ja, baie ou skaapboere swoeg en sweet vandag op dorpe, en met baie gaan dit nie so goed as met ons nie.”

Toe draai hy hom na Topie en vra : „My kind, wat was ou Boesmanland se grootste dood?”

Topie staan hom eers en aankyk; toe sê hy : „Ek weet tog nie, Pa.”

„Nou, *ek* sal vir jou sê,” antwoord oom Tobias. „Boesmanland se dood was aanhoudende droogte, sprinkane, ons werksvolk wat dorpe-toe gelok en bederwe word, en hier en daar 'n gewetenlose wetsagent; maar Boesmanland se grootste dood was die smouse van Smous se soort, en die ou Boesmanlanders se vertroue in die smouse van Smous se soort. Dit, my kind, *dit* was en is nog ou Boesmanland se grootste dood!”

II.

'N BOESMANLANDSE KERKBOK.

Oom Piet was gewillig om sy beste bokkapater vir die aanstaande kerkbasaar te gee. Hy sê self : „Ek *wil* hom vir die kerk gee; en ek is nou 'n baie snaakse mens, maar as ek 'n ding *wil* gee, dan gee ek hom; want ek reken altyd so: As ek eers 'n ding gegee het, dan het ek hom gegee!”

Maar tant Mietjie, oom Piet se vrou, het eers nie kans gesien dat hulle die enigste ordentlike dier uit hulle troppie kon weggee nie. Sy sê weer so: „'n Mens kan nooit weet wat oor jou kan kom nie. Sê nou maar een van ons kom skielik te sterwe; dan kan die langslewende tog die bok vir die begrafnisgangers slag om te eet. Jy moet tog immers 'n ou olievetjie hê om dan in jou potjie geel rys te gooi, en jy moet dan twee groot boude hê om frikkedel van te maak. Of sê nou maar net Neelsie Verooi meen dit opreg met ons oudste dogter en hy kom nou somar eensklaps-woerlaps vir haar tot vrou vra—wat dan? Hoe kan jy dan bruilofskos maak sonder 'n ordentlike slagding?”

Hierdie en ander gebeurlikhede het tant Mietjie vir oom Piet blootgelê; maar dit alles het niks gehelp nie. Oom Piet hou maar aan: „Ek is 'n baie snaakse mens, maar as ek 'n ding wil gee, dan—ha—wil ek hom gee, en ook syt het saliger te geef dan te ontvang.”

Eindelik het tant Mietjie dit maar opgegee om verder teë te kap; en van toe af is die groot bokkapater deur oud en jonk kerkbok genoem.

Enige kerkdienaar kon toe maar enige tyd kom om hierdie kerkbok tussen reeds gekollekteerde veetjies te jaag.

En dit was ook nie lank nie, of die diaken, oompie Poulthje Pluskeil, was daar met 'n skeurtjiesoog-Boesman wat 'n klompie „kerkvee” aanja. Ongelukkig was oom Piet se vee toe al weg na die weiveld. Maar toe sê oompie Poulthje Pluskeil: „Dis niks, ou broer; want ek moet tog ook in die rigting wat jou vee is, ry, en so kan jy maar net die bok vir my beduie; dan kan ek hom aan jou wagters wys om aan my jong af te gee as hy met die kerkveetjies daar kom.”

„Goed, goed,” roep oom Piet uit; „maar dis nie nodig om hom nog vir jou te beduie nie; want dis die bok, die groot bok, die swarte met die groot, wit kol voor die kop, met die lang opperhorings, met die yslike, tamaai ore—die uitsonderlike bok, die dikke, die vette; die hoënekbok wat so kraakstewels loop; die ene met die groot, regop stert; die bok wat ewig soos 'n mens penorent teen alle hoë bome staan om daar bo in hulle takke te vreet; die bok met 'n koperklok om sy blok van 'n nek; die bok wat op al my ander ou bokkies van bo af neerkyk; die ene wat sy pokkel van 'n liggaam so lank en steun-steun uitrek en dan so hard kan proes; die voortouvatter; die leier van my troppie; die hondejaer; die jakkalsverskrikker; die . . .”

„Ja, so nou maar, ou broer Piet,” val oompie Poulthje Pluskeil hom hier in die rede, „ek ken die bok nou al net so goed as jyself.”

„Ja, maar ek wou jou maar net laat verstaan wat dit is wat ek gee,” antwoord oom Piet; „want ek is 'n baie snaakse mens, maar as ek 'n ding wil gee, dan— ha”

„Dit verstaan ek ook, ou broer,” sê oompie Poutjie Pluskeil haastig, en hy begin toe somar te groet ook.

„Jy groet nou, ou neef,” las tant Mietjie hier by; „maar ek wou jou ook nog gesê het dis darem 'n bokkapater van die eerste water.”

„Ja, natuurlik, ou nig,” antwoord oompie Poutjie Pluskeil, „dit begryp ek ook; en 'n mens moet ook nooit jou slegste of gebrekkige aan die Heer gee nie, maar jou beste.”

Die aand kom oom Piet se ou wagter steen en been kerm oor die gemis van die kerkbok. Hy sê dit lyk of sy ou troppie ook al die kerkbok vermis en nou in klompies staan en treur en kort-kort somarso blêr.

„Ek praat nou regoeit my ou hart,” sê hy, „maar ek kan die daing nie klein kry dat my meer beste bok nie meer hier ees nie.”

Maar net die volgende aand kom die ou ewe vrolik en opgeruimd vertel dat die kerkbok seker van die ander kerkveetjies af weggehardloop het, want hy het dié dag weer by sy troppie uitgeslaan. En so was dit ook. Die bok het reeds die vorige nag uit 'n vreemde kraal gespring en toe somar die veld ingedraf.

Vir oom Piet was dit egter gans onmoontlik om die bok weer terug te stuur—daarom skryf oom Piet toe maar 'n briefie aan oompie Poutjie Pluskeil dat hy die bok weer by hom kan kry.

Maar maande later het oom Piet nog geen taal of tyding van oompie Poutjie Pluskeil ontvang nie. En toe kom ou Sammie Speksny daar en hy sien die pragtige bok en vra ook somar om hom te ruil vir twee baie mooi bokooie. Oom Piet wou daar egter niks van hoor nie, omdat hy die bok vir die kerk gegee het; maar ou Sammie was so

rapat met sy heuningmond dat hy oom Piet eindelijk dronkgeslaan het. Hy sou oom Piet betaal soos nog niemand op aarde betaal was nie; hy sou self na die kerkraad gaan en hulle, al was dit drie of vier skape, present gee; ook herinner hy oom Piet daaraan dat die kerkbok al begin oud word; dat hy kan siek word en vrek en dat nóg die kerk nóg oom Piet dan daar 'n blou duit sou van hê. En die end van die saak was dat ou Sammie Speksny met die groot kerkbok op sy kar vertrek het.

Maar arme oom Piet het nog al die tyd nie geweet wat hy nou eintlik vir die kerkbok sou kry nie. Toe het oom Piet maar geduldig gewag en gewag om te sien wat verder sou gebeur. Toe byna 'n jaar verstryk het, word oom Piet darem onrustig en ongeduldig. En so skryf hy twee briewe—een aan oompie Poulthje Pluskeil en een aan ou Sammie Speksny. Vir ou Sammie versoek hy dringend en beleef om tog nou dinge vir die kerkraad te gaan duidelik maak en somar die kerkbok aan hulle te betaal; vir oompie Poulthje Pluskeil vertel hy alles omslagtig in sy brief en smeek hom om tog toe te sien dat ou Sammie die kerkbok ten volle uitbetaal.

Na weer 'n maand verby was, kom daar 'n jong van oompie Pluskeil met 'n brief waarin oom Piet versoek word om asseblief weer 'n bok of skaap vir die aanstaande basaar van die Nuwe Jaar te gee, en dan moet oom Piet tog ook somar die kerkbok van die vorige jaar saamstuur. Die nag het oom Piet en tant Mietjie nie 'n oog toegemaak nie. Hulle het daarvoor 'n te harde stryd gehad. Maar die volgende môre was hulle vasbeslote om die kerk nie te laat skade ly „of te laat kul deur 'n Sammie Speksny nie.”

En so stap oom Piet dié môre na sy troppie en ja somar drie mooi skaapooitjies uit in die plek van die pragtige kerkbok, en nog 'n tweejarige hamel vir die aanstaande basaar. Meer kon hy nie doen nie, want hy was maar baie arm. En daarmee was die kerkraad ook hoogs tevrede.

Maar toe steek tant Mietjie darem ook haar twee hande in haar sye en sê vir oom Piet: „En kyk hierso, Piet, nou laat span jy eensklapswoerlaps jou donkiekar in en stuur vir Floorsie om by die verbrande ou Sammie nou eenmaal en andermaal betaling te gaan eis vir ons onvergeetlike kerkbok.”

Spoedig was die kar dan ook ingespan, en toe sê oom Piet vir sy seun Floorsie: „Kyk, dis nou somar 'n kort storie: Jy sê vir ou Sammie ek wil nou my geld vir die bok hê, of as hy nie geld het nie, dan gee hy bokke of skape of kalkoene of varke—maar ek wil nou gebetaal wees, en jy bring die geld of diere saam.”

Ou Sammie het baie ver gewoon, en Floorsie moes snags ook lang skofte afry om gou oor die weg te kom. Maar drie dae na Floorsie se vertrek, kom daar 'n ou jong van ou Harmoes Swerm se plaas af met 'n briefie van die volgende inhoud:—

„Seer waarde neef Piet,—Floorsie het gisternag hier gekom met 'n morsaf-stukkend-gebreekte sleutelbeen. Hy sê hy het in die donkerte die kar omgegooi en 'n stuk van sy liggaam verbrysel. Toe het hy maar die donkies met een hand probeer uitspan en hyself het hierheen te voet gesukkel. Ek vrees hy is baie siek en ek vrees die donkies is deur ou Kwaai Koos skut-toe gestuur. Kom tog gou, want ek is sonder hulp. . . .”

Maar oom Piet het nie nog kardonkies of -perde gehad nie, en so moes hy verder onkoste maak

en 'n kar en perde op 'n ander plaas gaan huur dat hy en tant Mietjie gou-gou kon ry.

Floorsie het lelik seergekry en het later so siek geword dat oom Piet die dokter—veertig myl van ou Harmoes Swerm se plaas af—moes laat haal. En die onbillike ou Kwaai Koos het ook rêrig oom Piet se kardonkies skut-toe gestuur. Boonop is oom Piet se kar se draagboompies en leertjies ook met die omsmytery stukkend gebreek. En so het die spulletjie vir oom Piet en tant Mietjie baie ongerief en 'n groot som geld gekos.

Gelukkig het arme Floorsie darem naderhand so herstel dat hulle met hom op die gehuurde kar kon huiswaarts keer. En toe hulle die dag tuis-kom, het tant Mietjie weer haar hande in haar sye gesteek en gesê: „En kyk hiersô, Piet, nou dons jy vir ou Sammie op.”

En oom Piet was ook nie links nie, „want,” sê hy, „ek is 'n baie snaakse mens, maar as ek die dag kwaad word, dan— ha— word ek kwaad!”

Dit kan wees dat oom Piet toe glad te kwaad was, want hy het die moeite gedoen om vir ou Sammie somar van twee prokureurs te laat aanskrywe. „As die een nie kwaai genoeg optree nie,” sê oom Piet, „dan kan die ander dit miskien doen.” Maar, nog nie tevrede nie, het oom Piet ook self vir ou Sammie Speksny met briewe en boodskappe bestook.

„Ek sal nou ewig op sy ou gewete—as hy soiets het—moker en moker,” sê oom Piet, „tot hy moet hoor of gek word.”

Ou Sammie het eers stilgesit en uitgehou, maar later het dit darem te erg aangegaan. Daar het toe darem ook geen trekker, smous, oskoper, kleurling of Jan Rap by ou Sammie sonder 'n brief en 'n boodskap van oom Piet gekom nie.

Dit kon die ou eindelik nie meer verduur nie, en so stuur hy toe vir oom Piet drie boklammers en 'n baie lang brief vol van diep berou en mooi, vroom stories. In die brief versoek hy darem ook vir oom Piet om tog een van die lammers aan 'n patathandelaar wat by oom Piet sou kom, af te gee. Die ander twee kon oom Piet dan behou. Verder was die brief in so 'n droewige taal geskrywe dat oom Piet en tant Mietjie hom maar alles vergewe en amper-amper uit pure medelye met ou Sammie aan huil geraak het.

Die patathandelaar het egter nie gou opgedaag nie, en die lammers het onderwyl die krimpsiekte gekry. Twee is ook gou in die veld dood, en die ander een het oom Piet toe maar betyds kopafgesny om tog maar in vredesnaam die velletjie te laat brei vir naairiempies.

Toe kom die patathandelaar en sê dat ou Sammie aldrie lammers vir hom sou gestuur het vir twee sak patats wat hy reeds tot sy skade aan die ou verhandel het.

Hierdie stomme man het 'n vrou en byna 'n dosyn kindertjies gehad en daarby was hy so arm dat hy hulle nie die daaglikse stukkie kos kon gee nie—vandaar dat hy met iemand anders se patats handelstoggies gemaak het om tog 'n bestaan te maak.

Oom Piet het hom goed geken en was ook gou oortuig dat hy die reine waarheid vertel. En so gee oom Piet hom toe maar in vredesnaam 'n skaaphamel in die plek van die ou siek boklammetjie wat oom Piet moes kopafsnay. Hy kon nie daarvoor dat die ander gevrek het nie. Daarop steek tant Mietjie haar hande vir die derde maal in haar sye; maar toe keer oom Piet haar en sê: „Vrou, wag, sit maar stil en kyk.”

D